Tema: God gee aan ons ‘n bouershart vol geloofsvertroue, selfverloëning en wysheid! Kom ons bou!

Hier is die volgorde van ons Woordbediening vandag:

Sing vooraf: Lied 428: 1, 3, 4
Gebed om seën
Sing tot lof van die Here: Ps. 147 – 1: 1, 2 (tweede mel)
Geloofsbelydenis: Kolossense 1: 15 – 20
Sing Sb 12 – 5: 1

Wet uit Lukas 10: 25 – 37
Sing na die wet: Ps. 25 – 1: 2
Gebed

Skriflesing: Nehemia 2: 1 – 10;
Teksverse: Nehemia 2: 2 b en 3 en vers 8 b.
Woordverkondiging
Sing: Sb 12 – 6: 1, 2, 4, 5

Gebed
Sing Lied 588: 1, 3
Gebed om seën

Liefdegawes vandag: Die Teologiese Biblioteekfonds en Diakonie.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons het verlede Sondag gehoor dat God gewone lidmate as bouers in sy koninkryk gebruik. Jy mag dalk gedink het: ja, dis waar, maar, Here, ek is nie ʼn bouer nie! Ek het nie ʼn bouershart nie! As ek kyk na al die nood in ons samelewing en die stukkende mure sien lê, dan word ek bang en dink ek: ons sal nooit iets regkry nie!

Die probleme is te groot, ons het nie geld om alles reg te maak nie! Hoe gaan ons die mense mobiliseer om bv iets te doen aan die armoede in ons omgewing! Daar is net te veel arm mense! Ek weet ook nie wat om te doen nie! Wat se plan sal ons kan maak? Wanneer ek dink aan alles wat gedoen moet word, aan die risikos wat ek moet loop en alles wat ek moet opoffer, dan word ek bang en sien ek nie daarvoor kans nie!

Kyk die uitdagings in die onderwys, in gesondheidsdienste, in veiligheidsdienste – hoe gaan ons iets gedoen kry! Kyk die gemors met die ekologie van ons land! Die natuur en natuurlike hulpbronne word verwoes – hoe sal ons dit omdraai! Kyk hoe lyk ons stad en sy onderhoud – dit verval en gaan tot niet! Hoe kan ek nou iets daaraan doen!

My geliefde br en sr en liewe kind: indien jy so gedink en gevoel het, het ek vir jou goeie nuus! Jy is die beste bouer wat God kan gebruik! Want jy het klaar vir jouself die belangrikste saak van bouwerk in God se koninkryk uitgemaak! Jy weet reeds: ek kan dit nie uit myself doen nie! Ek kan nie uit myself ʼn verskil maak nie!

Luister weer na God se woorde aan Paulus wie gemeen het sy beproewinge maak hom swak: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Daarom,sê Paulus, sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. “
Dieselfde Paulus sê aan die Filipense: “Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, [13]want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.”
Ja, liewe br en sr, jy is reg! Jy en ons almal kan nie uit onsself nie en die feit dat jy dit erken is juis die punt waar God begin! Bouers wat besef: ons is God nodig!

Want dit is juis die boodskap vanmore: God gee aan ons ‘n bouershart vol geloofsvertroue, selfverloëning en wysheid! Kom ons bou!

Ja, God gee aan ons! Ons kan nie uit onsself die groot werk in God se koninkryk doen nie! En ons hoef ook nie en ons moet ook nie probeer nie! Ons moet in God se krag die bouwerk doen! Dis sy bouwerk! Hy is die Boumeester met al die planne, middele en krag wat ons nodig het om die bouwerk te doen! Dit is wat die Here hier in Nehemia 2 aan ons openbaar! Hy gee aan sy bouers ʼn bouers hart wat nie anders kan as om te reageer op die nood in die samelewing nie en met God se krag en in sy Naam iets daaraan gaan doen! Hy gee aan Nehemia vaste vertroue op God sodat Nehemia die

inisiatief kan neem! Hy skenk deur sy Gees Nehemia ŉ hart van selfverloening om op te offer vir die bouwerk in God se koninkryk! God gee aan Nehemia wysheid – die planne – om die bouwerk aan te pak!

Dit was nie Nehemia wat uit homself beweeg en gedoen in hierdie hoofstuk nie! Dis God wat gewone lidmate bemagtig met buitengewone bouersharte om God se werk te doen! Gaan lees maar weer Hebreers 11 waar die skrywer terugkyk in die geskiedenis van God se koninkryk en mense opnoem wat in die geloof ongelooflike dinge kon doen! Noag, Abraham, Moses, Dawid – bouers in God se krag! Ook ek en jy!

God gee aan ons ŉ bouershart! Want ons kan nie uit onsself nie! Daar was net Een wat uit Homself bouwerk in God se koninkryk kon doen en dit is Jesus Christus! Hy moes in eie krag die Satan oorwin! Jesus moes aan die kruis in eie krag die prys betaal vir ons sondige onvermoë! Jesus in eie krag vir ons kragteloosheid, vir ons onvermoë!

Wanneer Jesus aan die kruis uitroep: “My God my God waarmom het U my verlaat?”, dan veg Hy in eie krag om Satan te oorwin en ons deel te maak van God se krag binne God se koninkryk! Daar, geliefde br en sr en liewe kinders, het Jesus vir my en jou ŉ bouershart verwerf! Dis die geheim van ŉ bouer in die koninkryk van God – ek kan nie, maar Jesus kon en Jesus het! Dis die geheim van die vermoë om ongelooflike dinge in God se koninkryk te kan doen! Ek kan nie – maar God kan!

Dis die geheim waarvan Paulus in Kolossense praat wanneer hy sê: “[27]God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid. [28]Hóm verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring. [29]Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk.”

Wat gee God deur Christus vir ons in ons bouershart?

1. Hy gee vaste geloofsvertroue!

Nehemia het God vertrou en daarom het Nehemia gebid! Want God se krag word deur gebed ontsluit! Dis waarom Nehemia in hf 1 by die aanhoor van die nuus, toe hy so diep getref was, hom dadelik in gebed tot God gewend het! Toe hy platgeslaan was, gaan soek Hy God se krag, God se troos, God se wil! Tussen Nehemia 1 se gebed en die gebeur hier in hf 2 het daar minstens 3 maande verloop! Drie maande van gebed! Drie maande van soek na God se wil, God se krag en bid om die krag om iets te doen!

En hier in die oomblik wat hy gekies het om inisiatief te neem – weer ŉ skietgebed! Ag Here help – laat die koning my goedgesind wees! Here, ek kan nie, maar U kan!

Geliefdes, met so ŉ bouershart vol geloofsvertroue, kan ons ook die uitdagings van ons tyd aanpak! God is mos nog dieselfde! Hy gaan ook – soos Nehemia in vers 9 getuig – sy goeie hand oor ons hou en ons die krag, moed en inisiatief gee om iets

aan die gevalle mure van ons samelewing te doen! God bly mos getrou – dit het Jesus se geveg in eie krag vir ons gewaarborg!

Daar waar Christus in sy nood pleit en vra en veg, daar oorwin Hy vir ons die vrees van alles wat kan gebeur! Ons lees in Nehemia 2: 2 dat toe die koning met hom praat en Nehemia weet, hier is die oomblik, toe was hy baie bang! Vrees wat Satan gebruik om ons kragteloos te maak! Daar was inderdaad vir Nehemia uit menslike oogpunt baie om voor bang te wees! Wat hy gaan doen, kan hom sy werk en selfs sy lewe kos!

Maar in die geloof kyk Nehemia verby die koning na die koning van die wêreld – na God ons Vader en Christus aan sy Regterhand! God wat hom nie in die steek sal laat nie en op wie hy vertrou! God sal hom help!

Br en sr, God sal ons ook help! Wat dit ook al mag wees wat ons moet doen! Waarmee jy ook al nou in jou lewe worstel! Moenie bang wees nie! God is groter as jou vrees! Christus het eiehandig en in eie krag die Satan oorwin sodat sy vrees jou nie meer kan verlam nie! Dat jy in geloof deur jou beproewing kan kom, maar ook dat jy in geloof jou bouwerk vir God in sy koninkryk kan doen!

Kom ons tree dan met geloofsvertroue in die Here op! God is groter as ons en die uitdagings wat ons moet aanpak! Moenie bang wees nie, moenie huiwer nie, Christus is in jou bouershart! Begin net en doen die werk! Hy sal dit voltooi

2. God gee in ons bouershart die nodige selfverloening om die bouwerk te doen!

Om ŉ bouer te wees vra selfverloening en opoffering! Nehemia moes baie opoffer om sy bouwerk te gaan doen! Hy plaas baie dinge op die spel! Sy lewe, sy werk, sy posisie waarvoor hy baie jare gewerk het! Om ŉ bouer in God se koninkryk te wees vra selfverloening! Ons weet dit mos! Dis moes wat Christus vir ons kom leer het! Hy het Homself opgeoffer sodat ons gered kan word! Ons weet dat selfverloening die manier is waarop ons stene in God se koningkryk lê!

Dis hoekom Christus in ons woon – om die bouershart met selfverloening te vul! Hy het gesê: as jy my wil volg moet jy jou kruis opneem! Dit beteken: jy plaas jou belange tweede en jy soek eers die koninkryk van God! Van selfverloening lee sons ook in Hebreers 11. Van ŉ Noag en ŉ Abraham en ŉ Moses, en van 12 apostels en menige gelowiges in die geskiedenis wat baie keer die pad van geweldige opoffering moes loop om God se koninkryk te bou!

Br en sr, dis wie ons is! Mense wat opoffer en gee, want ons het die grootste geskenk ooit ontvang! Christus! Ons het klaar alles! Die lewe, hier op aarde onder God se sorg en die lewe tot in ewigheid! Ook na die dood, dan lewe ons steeds by God! Ons het die skat van die koninkryk gevind en nou verkoop ons alles om juis Hom te behou!

Nou moet ons hierdie skat wat in ons is, Christus, na die vervalle samelewing waarin ons woon neem! Waar mense dit so nodig het! Mense wat so baie ontbeer, wat nog in die donker lewe, wat lewe en sterf in die greep van Satan. Hulle moet ook die skat van die koninkryk vind!

Is daar dan regtig so baie op te offer? Nehemia was bereid en God het Hom alles gegee wat hy nodig het! Alles waarvoor hy gevra het, het God hom gegee! Want jy sien, dis hoe God werk? As ek en jy bereid is om te offer, dan ontsluit God vir ons die onuitputlike bronne van sy krag, genade, middele en alles wat ons nodig het! Ons moet net begin met die bouwerk!

3. God gee ook wysheid aan die bouers! Lewenswysheid maar ook praktiese wysheid.

Kyk hoe diplomaties en met baie wysheid hanteer Nehemia sy versoek en hoe seën God dit! Hy openbaar nederig sy hart voor die koning – dit kon hom sy werk kos! Persiese konings verdra nie swaarmoedige mense nie! Maar die koning vra opreg: wat makeer!
Wanneer Nehemia sê wat op sy hart is, noem hy nie Jerusalem by die naam nie! Hy verwys na die stad van my voorvaders! Hoekom? Want voorheen het Artasasta beveel dat die bouwerk aan Jerusalem se mure gestaak moet word! Nehemia wou met die noem van die Naam nie die koning aan vorige besluite herinner nie! Hy beroep hom op sy persoonlike belang en daarom reageer die koning met persoonlike aandag! En Nehemia se plan slaag onder die seenende hand van God!

So, geliefdes, gee God wysheid en planne in my en jou bouershart wanneer ons in afhanklik van Hom ons bouwerk vir Hom moet doen! Die Heilige Gees is juis aan ons gegee om ons hierin te bemagtig! Dat ons verstand en gawes van die Gees ontvang om planne te maak, met wysheid op te tree, die woorde te gee wat ons moet praat en planne om uit te voer!

Dus my geliefde br en sr en liewe kinders! Die goeie nuus vanmore is: jy is die beste bouer wat God wil gebruik! Juis wanneer ek en jy dink: ons kan dit nie uit onsself doen nie! Dan is ons soos nat sement en stene in God se hande! Dan kan die Meesterbouer ons gebruik! Hy gee aan ons ’n bouershart vol geloofsvertroue, vol selfverloening en vol wysheid!

En wanneer ons mooi in onsself kyk na dit wat God gee, dan sien ons nie dinge of krag of gawes nie, nee, ons sien Iemand! Ons sien Jesus Christus in ons hart! Ons sien die geweldige groot genade wat ons ontvang het! Ons raak bewus vandie ongelooflike gawe van die konkryk van God – dat ek en jy daaraan mag deel!

En daarom kom ons in aksie! Ons kan nie anders nie! Ons kan nie na die nood van ons samelewing kyk en niks doen nie! Dis onmoontlik! Nee, ek en jy is nie niks nie! Ons kan nie niks nie en ons kan nie in vrees vasgevang sit nie! Want Christus is in ons! Deur Hom is ons tot alles in staat waartoe God ons roep!
Kom ons bou !
Amen